# Hoofstuk 13

ELKEEN WAT SYNE IS (02.08.1840) HIM1.061

01] Daar is sommige van julle wat, in my Openbarings van die dinge van die natuur (bv. dié van die Andritz fontein), hulle laat vang deur enkele gewetenloses - met daaropvolgende hartseer, as gevolg van hul dwaasheid - omdat hulle nie soveel kan sien en hoor as my kneg nie.

02] Ek vra hulle tot hulle grootste troos: waarom het julle nog nooit eintlik hartseer geword, toe julle gesien het dat daar geen druiwe aan die wilgerbome groei nie? En tog is die wilgerboom nie minder 'n werk van my Almagtige heiligheid as die soete, geestelike wingerdstok nie! -Waarom huil en treur die apostels dan nie, omdat ek myself nie aan almal soos aan Johannes openbaar het nie?

03] Daarom, wees net opgewek en vrolik en passievol in julle harte! Want ek, julle Vader, sien wat elkeen van julle elke oomblik nodig het, en gee aan almal soveel as wat hy maklik kan dra.

04] Kyk, my kneg is klein en eenvoudig, het 'n sagte hart, is nederig en het my liefde reeds vir enkele jare nagejaag. - As ek nou vir hom 'n bietjie lig van my genade gegee het, glo dan dat dit waar is in alle opsigte, aangesien dit alles in die eerste plek regstreeks van my kom, in hom, en omdat hy wil hê dit moet so wees; soos wat dit vir my ook die mooiste is!

05] Want dit wat iemand vra in my Naam, word aan hom gegee, sonder leuens en bedrog – natuurlik nie oornag nie, maar net geleidelik, afhangende van sy krag en sterkte.

06] Daarom, bemin my en glo, sonder om te twyfel, wat ek aan julle bekend maak deur my eenvoudige kneg. Soos jy 'n klip in stukke sny, wat sal jy sê as ek 'n hele son vir jou openbaar, beide fisies en geestelik! Wat as 'n engel dit doen?

07] Daarom, wees opgewek en vrolik en passievol in julle harte! Want ek, julle Vader, sien wat nodig is vir almal. - Amen.

# Hoofstuk 14

EK WIL LIEFHÊ (08.08.1840) HIM1.067

Iets vir almal, en eerstens aan A.H.:

As Ek aan julle op nie-werksdae
wonderbaarlike dinge verniet sou gee
uit die arme kneg se swakke mond, en julle
sodoende uitnooi na die nuutste verbond,
wat julle voortaan in Liefde sal bind,
om 'n heilige Koninkryk vir die aarde op te rig,
dan siedaar, julle word verdrietig en swak in
geloof, denkende: dorings dra tog geen druiwe
nie! In die toekoms, na sulke tye,
nadat jy jou in my genade bevind het
- daar ek net uit baie grote Liefde, van
julle oë die wolke sluier vriendelik wegneem,
die veelheid van sondes wat niemand in 'n
bange hart kan dra nie.
Want ek gee julle geen nuwe gebod nie.
Slegs Liefde is nodig vir julle almal!
Kyk, alle dinge waarvan julle hier kennis neem,
soos alles, kom net uit my mond uit.
Sal Ek julle vertel van ongehoorde dinge,
wanneer Ekself My Grootheid besing?
Vergeet dus nie dat ek vol van Genade is,
om julle die paaie van die Heil'ge Liefde te laat
sien. Want niemand anders ken die sonde nie,
as net hulle aan wie die Vader dit wil verkondig.
Ek sal niemand oordeel op grond van die geloof,
wie sit met dwangskroewe op hul oë.
Elkeen glo volgens die krag van sy
geestesoog. Tog, heel goed verstaan
elkeen wat hy glo en wat hy verkies!
Anders, sê ek vir julle, sal hy bedroef word
tot in die diepste van sy hart, vroeër of later,
nog op aarde. Slegs die Liefde het ek jul beveel,
deur die hemelse boodskappers, nooit die geloof nie.
Dít het Ek julle maar net geleer, aangeraai,
om julle op te wek tot edele dade.
Wie waarlik **hart**vogtig lief het, aan
hulle gee Ek die geloofslig in daardie uur.
Wanneer hy sy hart tot My gewend het,
sal Ek dít in my Genade voleindig!
Aangesien sy haar hart tot My gewend het,
en sovele pleidooie gestuur het om lig,
kom Ek liefdevol in duist're nag
- wat ek sê, moet jul wel deurdag -
selfs aan jou as trooster en as leraar,
as ware, grote Genadegewer.
Wel, as dit so is, wat vertroebel dan jul harte?
Weet julle wat? – Slegs jul swakke liefde!
EK WIL LIEFHÊ, want dít is die Lewe!
Liefde het ek aan die kruis gegee.
Ek, wat vir ewig die Liefde self was,
bring aan julle nou weer die Liefde.
So, glo dit wat Ek sê, met gretigheid,
of die Gees naby is of vêr;
ek gee hierdie aan julle as 'n vrye Loon.
Tog, net in Liefde troon hemelse geluksaligheid!

01] Kyk, wanneer ek nou aan julle die materiële wêreld onthul, sal ek daardeur geen ander doel hê, behalwe om die nutteloosheid van die wêreld - of nog meer, van die self-liefde - en liefde van die vlees baie duidelik voor oë te stel - waaruit julle geleidelik en uiteindelik bietjie vir bietjie sal, en behoort te erken en

begryp, dat julle geheel en al niks in die materiële wêreld moet aanhang nie, maar alleenlik slegs vir My, my Liefde en die Genade wat daaruit vloei.

02] Anders, sou julle nie tereg kon vra nie: "Hoekom moet ons nie lief wees vir die pragtige wêreld en haar skatte nie, en met ons volle krag daarna trag om haar volkome te besit, want is dit nie ook deur God geskape nie, en wat is dan die nut van die teenstrydige gebod?"

03] Sou Ek nou aan julle die wese van die wêreld en haar materie onthul, dink Ek dat, uit my groot Liefde, ek julle wil verhef tot jul volle wedergeboorte vir 'n groot stryd. Want as jy eers die materie dieper en dieper herken, dan sal ook die veragtelike waarde daarvan vir jou des te meer onder oë kom. En jy sal sien dat daar in die dood geen goeie woonplek is nie - Amen. Ek, jou mees liefdevolle JaHshua! Amen, Amen, Amen.